Maandbrief

Junie 2010

Liewe gemeente

Weet jy wat die vroegste term was waarmee ander mense na die eerste Christene verwys het? As jy dink dit was "gelowiges" is jy verkeerd. Volgens Handelinge was hulle "mense van die Weg" genoem (gaan lees maar Handelinge 9:2). Die eerste gelowiges was nie in die eerste plek bekend vir wat hulle geglo het op papier nie, maar vir hoe hulle hul geloof in Jesus uitgeleef het. Hulle lewens het getuig van hul geloof. Dit het harder gepraat as hul woorde.

Sondag het ons gehoor dat God vra: "Het jy My werklik met jou alles lief?". Dan is lippetaal nie genoeg nie, maar jou leefwyse alles. Die eerste Christene se belydenis was 'n daaglikse belewenis. Ander het gesien hoe hulle die Here en mekaar liefhet. Hulle getuienis was geleë in 'n magnetise leefstyl van "commitment", gebed en omgee. Daarom is dit dat hulle bekend was as mense van die Weg – Jesus s'n. Dit is jammer dat ons vandag meer bekend staan vir ons geloof op papier as vir ons lewens vol liefde vir God en ander. En dit is so jammer dat kerke se gesprekke oor dogma gaan en nie oor die manier van leef op "die Weg" nie. Mis ons nie dalk iets groot nie. Ek vra.

Dankie vir elkeen se bydra. Ek wil vra as jy nog nie 'n bydrae tot hierdie gemeente gemaak het nie, of jy nie dit in jou hart sal voel om iets by te dra nie. Dan wil ek 'n laaste versoek rig aan elkeen om kerkdienste getrou by te woon, veral as besoekers kom soos in die laaste tyd, dat ons vir hulle 'n voorbeeld sal stel. Moenie by die huis bly omdat dit vakansie is nie. Ons het 'n spesiale program vir die jongspan gereël sodat mammas en pappas met 'n geruste hart kerk toe kan kom. By voorbaat baie dankie.

God bless

Past. Leon

Advertensies:

Stuur gerus jou advertensie aan: mariskavr@telkomsa.net as jy gratis in ons Maandbrief wil adverteer. So help ons mekaar in die gemeente.

MPV BOEDELDIENSTE

MPV Boedeldienste is gestig om eksekuteurs wat nie oor beredderingservaring beskik nie, teen 'n drasties verminderde tarief by te staan in die bereddering van boedels waarin hulle as eksekuteurs benoem is.
Die drie vennote het gesamentlike meer as 'n eeu ervaring van boedelbereddering en beveel aan dat testateure die langslewende of 'n kind as eksekuteur in hul testamente benoem om sodoende by oorlye aansienlike besparings te kan geniet.
Benewens die besparing van tot 50% op eksekuteursloon (afhangende van die bruto bates van die boedel) is daar ook verdere koste- en beredderingstermyn besparings.
Al die besparings is vir voordeel van die erfgename.
Om meer inligting te bekom skakel, sonder enige verpligting, een van die volgende vennote van MPV Boedeldienste:

SAKKIE PIETERS: Tel: 021 913 5655 Sel: 082 290 8187 sakkie@mpvboedels.co.za
KOOS VAN ZYL: Tel: 021 975 1375 Sel: 084 268 9663 koos@mpvboedels.co.za

Besoek ons nuwe webtuiste:
www.mpvboedels.co.za

D J Projects & Maintenance

Tel: 021 988 4052 / Cell: 071 675 9865

I specialize in the following fields: Building Alterations and Maintenance

1. Painting
2. Plumbing
3. Plastering
4. Roofs and Trusses
5. Ceilings and Scheming
6. Paving
7. Tiling
8. Hanging of Doors
9. Maintenance and Building
10. House Cleaning
11. Skirting – Boards
12. Roof and Gutter Cleaning
13. Garden Cleaning
14. Landscaping
15. Pool Cleaning & maintenance
16. Drawing and design house plans

Contact: Dawie de Villiers dawie@axxess.co.za

Kids Party Hire

Tafels, Stoele en tema dekor
Alles wat jy nodig het vir 'n kinderpartytjie
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

Wedding & Party Hire



Tafeldoeke, overlays en kandelare
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

Die Ware Wynstok

Druiwe. Na my mening is dit seker een van die lekkerste vrugte, as dit sonder pitte is natuurlik. Daardie groot, sappige en soet korrel in jou mond smaak absoluut net hemels. Ek is daarvan oortuig dat almal al die volgende oorgekom het; jy kry wat lyk na die mooiste tros ooit en dan sien jy dit is vol vrot en pap korrels. Om baie eerlik te wees is ek nogal spyt dat druiwetyd verby is.

In Johannes 15 vertel Jesus een van die mees belangrikste en ernstige stories wat gaan oor my en jou. Hy sê dat Sy Vader die landbouer is wat mooi na die land kyk en Hy is die wynstok wat alleen lewe en vrug kan gee, maar ek en jy is die lote wat daardie vrug moet wys.

Jesus is baie ernstig as Hy sê dat 'n loot wat geen vrugte dra nie niks beteken nie, maar 'n loot wat wel dra word gesnoei sodat dit meer vrug kan dra. Geen persoon gaan die moeite doen om uit te vind wie die landbouer is of van watter wynstok die druiwe kom as hy nie daarvan hou nie, maar almal sal die moeite doen om uit te vind van waar druiwe kom wat lekker is.
Die vraag vandag is net: hoe lyk jou vrugte? Die fout lê nooit by Jesus die wynstok of by die Vader die landbouer nie.
Gal 5:22 vertel wat die vrug van die Gees is. Deur net jouself daaraan te meet kan jy alreeds sien hoe soet jou vrugte is.

Quintin

Onthou ons skoolvakansieprogram vir die Kinders.

Dagboek:

Junie 2010

Sondag, 6 Junie	Nagmaal
Sondag, 20 Junie	Vadersdag

DIE ONDERSOEK NA HERLEWING

Die 22ste Mei 2010 het ek te Kloofstaat 55 Kaapstad op uitnodiging van die CPV (Christelike Polisie Vereninging) twee polisiebeamptes van Sao Paulo Brasil ontmoet. Hulle het die RSA besoek met die doel om hulle ervaring met ons in die Kaap te kom deel met herlewing wat plaasgevind het en steeds plaasvind in die Polisie te Sau Paulo Brasil. Verskillende "vergaderings" met kundiges en belangstellendes het die afgelope tyd plaasgevind en verdere "vergaderings" word beplan om herlewing in geboue en instansies te bewerk. Enige idees omtrent herlewing kan met my gedeel word en ek verbind my dan tot terugvoering oor die saak. Natuurlik die vraag; Is herlewing deel van God se plan vir die tye waarin ons nou lewe ?

Fanie Scanlen

SKOONHEIDSWENKE VIR JOU GEES:

- Vir mooi oë – laat daar liefde vir ander uitstraal
- Vir mooi lippe – praat met ander oor God
- Vir goeie gehoor – luister na God se boodskap
- Vir 'n mooi neus – ruik aan blomme en sê vir God dankie vir al die mooi dinge wat Hy skep
- Vir sterk arms – gee elke dag vir ten minste vyf mense 'n drukkie
- Vir gesonde hart – vergeef mense wat jou te na gekom het
- Om gewig te verloor – moenie haat opkrop nie

Om mooi regop te loop – los jou bekommernisse by die kruis van Jesus.

Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 0844
072 782 7508
www.ags-ligenlewe.com
pastoorleon@telkomsa.net
✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561